

# GEMEENSKAP INLIGTING

Orion Minerals

## ORION 'N STAP NADER AAN RAFFINERING IN DIE NOORD-KAAP

Orion het ingestem om saam met Stratega Metals te werk en ondersoek in te stel na die oprigting van 'n raffinerings aanleg vir onedelmetale in die Noord-Kaap. Die ooreenkoms kan daartoe lei dat Orion 'n belang van 75% in die onderneming wat daarop gemik is om hoëwaarde metale en ander produkte te vervaardig wat in battery- en brandstof elektrodes, sweis stawe, elektronika en chemikalieë kan gebruik word te verdien.

Stratega het die eksklusiewe regte om koolstof-chloor-metaal damp onttrekkings tegnologie (CCMVT) te gebruik, wat 'n aangepaste manier is om verfynde karboniel metaal poeiers te skei van die metaal konsentrate wat uit Orion se mynbou projekte in die Noord-Kaap provinsie vervaardig word.

Voordat 'n finale ooreenkoms bereik word waar Orion 75% eienaarskap in Stratega kan verdien deur die finansiering met die bou van 'n demonstrasie skaal raffinadery, sal daar toetse met die gebruik van nikkel-, koper-, kobalt-, platinum groep elemente (PGE) en goud konsentraat monsters van Orion se Jacomynspan-projek gebruik word. Jacomynspan is sowat 80km van Orion se Prieska Koper-Sink Myn (PCZM).

Die battery materiaal sektor is vir Orion 'n sleutel fokus vanweë sy sterk groei en rol in die vermindering van wêreldwye koolstof vrystellings.

## FINANSIERING OM DIE ONTWIKKELING VAN DIE PRIESKA KOPER-SINKMYN TE BEVORDER

Orion het potensiële befondsing verkry van 'n Kanadese maatskappy, "Triple Flag Precious Metals" en mik na 'n finale befondsings ooreenkoms later vanjaar.

Die ooreenkoms met Triple Flag kan daartoe lei dat Orion US$80 miljoen se finansiering ontvang vir 84% van sy toekomstige goud- en silwer-by-produk produksie van PCZM. Die fondse sal beskikbaar wees op voorwaarde dat Orion bykomende befondsing vir die res van die myn se ontwikkeling verseker.

'n Bykomende US$7 miljoen sal voorgeskiet word teen 0.8% van toekomstige inkomste. Die US$7 miljoen sal beskikbaar wees vir die finalisering van studies vir vroeë produksie en om met die ontwatering van die myn te begin. Hierdie befondsing is beskikbaar op voorwaarde dat 'n minimum van R220miljoen van ander beleggers verkry word.

Orion is huidiglik in gesprek met ander befondsers sodat ontwatering so gou moontlik kan begin.

***"Ons is verheug oor die verkryging van eksklusiewe toegang tot wat ons glo spel veranderende raffinerings tegnologie kan wees om battery metaal soute en fyn karboniel poeiers te vervaardig, wat albei 'n stygende aanvraag in die ontluikende battery vervaardiging sektor ervaar,"***

*het Orion se Uitvoerende Hoof, Errol Smart, gesê.*

Orion Minerals

# BELEGGERS EN PLAASLIKE REGERING BESOEK ORION BEDRYWIGHEDE

**Beleggers en ontleders wat in Mei die Mynbou-Indaba in Kaapstad bygewoon het, het ook albei Orion se projekte besoek.**

Sowat 30 beleggers uit sewe lande het PCZM en die Okiep Koper Projek (OCP) oor die twee dae besoek. By albei projekte is ons besoekers ondergronds geneem, word hulle ook die huidige aktiwiteite in die area gewys en word daar insig gegee oor hoe die myne sal funksioneer sodra dit ontwikkel is.

Plaaslike munisipale raadslede en amptenare het ook PCZM besoek. Hierdie besoekers het die kans gehad om die ondergrondse eksplorasie boorwerk te sien, wat tans uitgevoer word om die graad van die koper- en sink erts te bevestig. Dié ondergrondse boorwerk is deel van die ondersoeke om vroeër met produksie te kan begin.





# ORION MINERALS MINERALS WEN JUNIOR ESG-TOEKENNING

**Orion is met die Mynbou Indaba se Junior ESG-toekenning vir Verbeterde Arbeid standaarde bekroon.**

Hierdie toekenning gee erkenning aan Orion se vestiging en bevordering van professionele en vaardigheids ontwikkeling onder lede van die plaaslike gemeenskap.

Orion het in 2019 'n kort inleidende mynbou-bekendmakings kursus binne die dorpe wat die Siyathemba munisipale area en Van Wyksvlei uitmaak en wat PCZM huisves geïnisieer.

Meer as 350 lede van die plaaslike gemeenskap het die opleiding voltooi en 110 van hierdie leerlinge het die beroeps- en tegniese assesserings voltooi. Van hier af sal kandidate geïdentifiseer word vir verdere opleiding in tegniese vaardighede wat deurdie projekte van Orion vereis sal word. Verdere opleiding word vir die Siyathemba- en die Nama Khoi-gemeenskappe beplan. Besonderhede sal binnekort hieroor bekend gemaak word.




*Byskrif: Errol Smart (Uitvoerende Hoof), Denis Waddell (Voorsitter) en Marcus Birch (Kommersiële en Besigheids Ondersteunings Bestuurder) aanvaar die toekenning by die Mynbou Indaba*